(4) The provisions of sub-section (2) shall apply in respect of a person appointed in terms of sub-section (3): Provided that any such appointment may be made subject to compliance by the person concerned, within a period to be specified by the Commission, with such conditions as may be laid down on the recommendation of the Commission.

(5) A person who is appointed to an office or post in the public service in terms of sub-section (2) or (3), or who is otherwise employed on a full-time basis by the Government in terms of sub-section (2), shall be entitled to elect in writing, within one month from the date upon which he is called upon by the head of his department to do so, to have the period or periods of his military service included in his pensionable service subject to such terms and conditions as may be approved by the Treasury on the recommendation of the Commission, and the provisions of sub-section (3) of section *two* shall *mutatis mutandis* and so far as they are applicable, apply with regard to conditions approved by the Treasury under this sub-section: Provided that no part of any period of his military service shall be included in an officer's or employee's pensionable service under this sub-section if the effect of such inclusion would be to increase the maximum period of pensionable service which that officer or employee could have had, or to make that officer's or employee's pensionable service commence from a date prior to that from which it would have commenced, had he entered the employ of the Government, as an officer or employee, as the case may be, on the date when he first entered military service, and remained so employed.

by sy pensioengewende diens te laat insluit, onderworpe aan die voorskrifte en voorwaardes wat die Tesourie op aanbeveling van die Kommissie goedkeur.

(2) Die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (2) en sub-artikels (3), (4) en (8) van artikel twee is *mutatis mutandis* van toepassing, vir sover hulle toepaslik is, ten opsigte van die insluiting kragtens sub-artikel (1) van enige termyn by 'n werknemer se pensioengewende diens.

4. (1) Iemand anders as 'n in artikel twee bedoelde persoon wat militêre diens verrig het en wat verlang om in die staatsdiens aangestel, of om andersins deur die Regering in diens geneem te word moet, ten einde die voordele waarvoor hierdie Wet voorsiening maak te verkry, sy aansoek om sodanige aanstelling of indiensneming op die by regulasie voorgeskrewe wyse indien binne ses maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet of die datum van die applikant se ontslag uit militêre diens, na gelang van watter die jongste is. Nuwe aanstellings.

(2) (a) As 'n in sub-artikel (1) bedoelde persoon wat sy aansoek om aanstelling of indiensneming ooreenkomstig daardie sub-artikel ingedien het, vir aanstelling in 'n betrekking of pos in die staatsdiens in aanmerking kan kom, of vir ander diens by die Regering geskik is, en hy word aldus aangestel of in diens geneem, kan aan hom, op aanbeveling van die Kommissie, aanvangsbesoldiging wat hoër is as die minimum van die salaris- of loonskaal wat aan die betrokke betrekking, pos of werk verbonde is, toegestaan word.

(b) By die bepaling van iemand se aanvangsbesoldiging ooreenkomstig paragraaf (a), moet die Kommissie die duur van so iemand se militêre diens in aanmerking neem, en kan die Kommissie ook enige kwalifikasies of vorige ondervinding wat volgens sy mening, so iemand vir bedoelde aanstelling of indiensneming geskik maak, in aanmerking neem.

(3) As 'n in sub-artikel (1) bedoelde persoon wat sy aansoek om aanstelling of indiensneming ooreenkomstig daardie sub-artikel ingedien het, vanweë die werking van een of ander wetsbepaling nie vir aanstelling in die staatsdiens in aanmerking kan kom nie, kan die Kommissie volgens eie goeë dunnke enigen van of al die vereistes van daardie wetsbepaling met betrekking tot gesondheid, ouderdom en opvoedkundige kwalifikasies opskort of versag, of daarvan afsien, ten einde die aanstelling van so iemand moontlik te maak, mits die Kommissie oortuig is dat sy liggaamlike toestand en opvoedkundige standaard in die algemeen, met inbegrip van sy kennis van albei amptelike tale, hom in staat stel om die pligte verbonde aan die betrekking of pos waarin voorgeen word om hom aan te stel, op doeltreffende wyse te verrig.

(4) Die bepalings van sub-artikel (2) is van toepassing ten opsigte van iemand wat ingevolge sub-artikel (3) aangestel word: Met dien verstande dat so 'n aanstelling onderhewig gestel kan word aan voldoening, deur die betrokke persoon, binne 'n deur die Kommissie bepaalde tyd, aan voorwaardes wat op aanbeveling van die Kommissie gestel word.

(5) Iemand wat ingevolge sub-artikel (2) of (3) in 'n betrekking of pos in die staatsdiens aangestel word, of wat andersins ingevolge sub-artikel (2) op voltydse basis deur die Regering in diens geneem word, het die reg om skriftelik te kies, binne 'n maand vanaf die datum waarop hy deur die hoof van sy departement daartoe aangesê word, om die termyn of termyne van sy militêre diens by sy pensioengewende diens te laat insluit onderworpe aan die voorskrifte en voorwaardes wat deur die Tesourie op aanbeveling van die Kommissie goedgekeur word, en die bepalings van sub-artikel (3) van artikel twee is *mutatis mutandis*, en vir sover hulle toepaslik is, van toepassing met betrekking tot voorwaardes wat deur die Tesourie ingevolge hierdie sub-artikel goedgekeur word: Met dien verstande dat geen gedeelte van enige termyn van sy militêre diens ingevolge hierdie sub-artikel by 'n beampete of werknemer se pensioengewende diens ingesluit word nie as sodanige insluiting die uitwerking sou hê van 'n verlenging van die maksimum-termyn van pensioengewende diens wat daardie beampete of werknemer kon gehad het, of om daardie beampete of werknemer se pensioengewende diens te laat loop vanaf 'n vroeër datum as dié vanaf welke dit sou geloop het, as hy by die Regering in diens getree het, as beampete of werknemer, na gelang van die geval, op die datum waarop hy vir die eerste maal in militêre diens getree het, en aldus in diens van die Regering gebly het.

(6) If a person has elected in terms of sub-section (5) to have the period or periods of his military service included in his pensionable service, the continuity of his service for pension purposes shall be deemed not to be interrupted by any period between the date of his final discharge from military service and the date of his appointment or employment under the Government.

(7) A person who has been appointed to the public service in terms of sub-section (2) or (3), and who has elected, in terms of sub-section (5), to have the period or periods of his military service included in his pensionable service, shall, notwithstanding the provisions of sub-section (1) of section *thirteen* or sub-section (1) of section *fourteen* of the Government Service Pensions Act, 1936, be bound to contribute provisionally to the pension fund in respect of his probationary service or in respect of the first three years of his employment in the services, as the case may be.

(8) The provisions of sub-section (4) of section *two* shall apply in respect of the payment of any moneys which may become payable by the Government in terms of any conditions approved by the Treasury under sub-section (5).

(9) No person who is not a Union national at the date upon which his application for appointment or employment is lodged in terms of sub-section (1) shall be appointed or employed in terms of sub-section (2) or (3).

5. Notwithstanding the provisions of section *thirteen* of the Government Service Pensions Act, 1936 (Act No. 32 of 1936), an officer who was released for military service at any time prior to the date of commencement of this Act or who is so released after that date, whilst serving on probation, and who at the date of his release—

- (a) had or has elected not to contribute to the pension fund in respect of that period of his service which, in terms of his appointment, was to be a period of service on probation; or
- (b) had or has not been called upon to elect to contribute to the pension fund in respect of such period,

shall, subject to the provisions of section *sixteen* of the said Act, contribute provisionally to the pension fund as from the date following the date upon which the said period of service on probation would, but for his release for military service, have expired: Provided that an officer referred to in paragraph (b) shall be entitled, on his resumption of duty in the public service, to elect in writing, within one month from the date upon which he is called upon by the head of his department to do so, to contribute to the pension fund in respect of any period of continuous employment approved by the Treasury, which he may have had prior to the date as from which he is required by this section to contribute provisionally to the pension fund.

PART II.

RE-ADMISSION AND APPOINTMENT OF PERSONS TO THE SERVICE OF THE RAILWAY ADMINISTRATION.

6. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), as amended, or the Railways and Harbours Superannuation Fund Act, 1925 (Act No. 24 of 1925), as amended, or in any regulations made under those Acts, any person who, having been in the employ of the Railway Administration, resigned his office, post or employment prior to the first day of April, 1944, for the purpose of rendering military service, and within a reasonable period after his resignation actually enlisted and entered military service, or was, on presenting himself for military service, rejected on medical or other grounds, may be re-admitted to the office, post or employment which he so resigned or to any other office, post or employment for which he is suitable, if he makes written application to the Railway Administration within six months after the date of—

- (a) his discharge from military service; or
- (b) his rejection for military service; or
- (c) the commencement of this Act,

whichever date may be the later: Provided that the scale of salary or wages attaching to the office, post or employment to which he is so re-admitted shall not be lower than that which attached to the office, post or employment from which he so resigned.

(2) Any person who is re-admitted to the service of the Railway Administration in terms of sub-section (1) shall be entitled to elect in writing, within one month from the date upon which he is called upon by the General Manager to do so, to have both—

Certain probationary officers to contribute provisionally to pension fund.

Re-admission to employment of persons who resigned for purpose of rendering military service.

(6) As iemand ooreenkomstig sub-artikel (5) gekies het om die termyn of termyne van sy militêre diens by sy pensioengewende diens te laat insluit, dan word die aaneenlopendheid van sy diens vir pensioendoeleindes geag nie onderbreek te word deur enige tydperk tussen die datum van sy finale ontslag uit militêre diens en die datum van sy aanstelling of indiensneming by die Regering nie.

(7) Iemand wat ingevolge sub-artikel (2) of (3) in die staatsdiens aangestel is, en wat ooreenkomstig sub-artikel (5) gekies het om die termyn of termyne van sy militêre diens by sy pensioengewende diens te laat insluit, moet, ondanks die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *dertien* of van sub-artikel (1) van artikel *veertien* van die Regeringsdiens Pensioenwet, 1936, voorlopig tot die pensioenfonds bydra ten opsigte van sy proefdiens of, na gelang van die geval, ten opsigte van die eerste drie jaar van sy diens in die dienste.

(8) Die bepalings van sub-artikel (4) van artikel *twee* is van toepassing ten opsigte van die betaling van gelde wat deur die Regering betaalbaar mag word ingevolge voorwaardes deur die Tesourie kragtens sub-artikel (5) goedgekeur.

(9) Niemand wat nie 'n Unieburger is op die datum waarop sy aansoek om aanstelling of indiensneming ooreenkomstig sub-artikel (1) ingedien word, mag ooreenkomstig sub-artikel (2) of (3) aangestel of in diens geneem word nie.

5. Ondanks die bepalings van artikel *dertien* van die Regeringsdiens Pensioenwet, 1936 (Wet No. 32 van 1936) moet 'n beampte wat te eniger tyd vòór die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet vir militêre diens vrygestel is, of wat te eniger tyd na daardie datum aldus vrygestel word, terwyl hy op proef gedien het of dien, en wat op die datum van sy vrystelling—

Sekere amptenare op proef moet voorlopig tot pensioenfonds bydra.

(a) gekies het om nie tot die pensioenfonds by te dra nie ten opsigte van daardie termyn van sy diens wat, luidens sy aanstelling, 'n termyn van diens op proef sou wees; of

(b) nie aangesê was of is om te kies om ten opsigte van bedoelde termyn tot die pensioenfonds by te dra nie, met inagneming van die bepalings van artikel *sestien* van daardie Wet, voorlopig tot die pensioenfonds bydra vanaf die datum na die datum waarop bedoelde termyn van diens op proef sou verstryk het as dit nie vir sy vrystelling vir militêre diens was nie: Met dien verstande dat 'n in paragraaf (b) bedoelde beampte die reg het om by sy hervatting van diens in die staatsdiens skriftelik te kies, binne 'n maand vanaf die datum waarop hy deur die hoof van sy departement daartoe aangesê word, om tot die pensioenfonds by te dra ten opsigte van 'n deur die Tesourie goedgekeurde termyn van ononderbroke diens wat hy mag gehad het vòór die datum vanaf welke hy deur hierdie artikel verplig word om voorlopig tot die pensioenfonds by te dra.

DEEL II.

HEROPNAME EN AANSTELLING VAN PERSONE IN DIENS VAN DIE SPOORWEGADMINISTRASIE.

6. (1) Ondanks andersluidende bepalings van die „Spoorweden en Havens Dienst Wet, 1925” (Wet No. 23 van 1925) soos gewysig, of die „Spoorweden en Havens Superannuatie Fonds Wet, 1925” (Wet No. 24 van 1925) soos gewysig, of van die regulasies kragtens daardie Wette uitgevaardig, kan iemand wat, terwyl hy in diens van die Spoorwegadministrasie was, vòór die eerste dag van April 1944 uit sy betrekking, pos of werk bedank het met die doel om militêre diens te verrig, en binne 'n redelike tydperk na sy bedanking werklik ingeskryf en in militêre diens getree het of, toe hy hom vir militêre diens aangemeld het, op geneeskundige of ander gronde afgewys is, heropgeneem word in die betrekking, pos of werk waaruit hy aldus bedank het, of in enige ander betrekking, pos of werk waarvoor hy geskik is, as hy skriftelik by die Spoorwegadministrasie aansoek doen binne ses maande na die datum van—

(a) sy ontslag uit militêre diens; of

(b) sy afwysing vir militêre diens; of

(c) die inwerkingtreding van hierdie Wet,

na gelang van watter datum die jongste is: Met dien verstande dat die salaris- of loonskaal verbonde aan die betrekking, pos of werk waarin hy aldus opgeneem word, nie laer mag wees nie as dié wat verbonde was aan die betrekking, pos of werk waaruit hy aldus bedank het.

(2) Iemand wat ingevolge sub-artikel (1) in diens van die Spoorwegadministrasie heropgeneem word, het die reg om skriftelik te kies, binne 'n maand vanaf die datum waarop hy deur die Hoofbestuurder daartoe aangesê word, om beide—

- (a) the period of pensionable service (if any) completed by him prior to the date of his resignation; and
- (b) so much of the period between the date of his resignation and the date of his re-admission as may be determined by the General Manager, but not being less, in the case of a person who has rendered military service, than the period or periods of such military service,

included in his pensionable service subject to such terms and conditions as may be approved by the Minister of Transport on the recommendation of the General Manager: Provided that no part of any such period shall be included in any person's pensionable service under this sub-section if the effect of such inclusion would be to increase the maximum period of pensionable service which that person could have had, or to make that person's pensionable service commence from a date prior to that from which it would have commenced, had he not resigned.

(3) Without prejudice to the generality of the provisions of sub-section (2), the terms and conditions therein referred to may include conditions—

- (a) as to the refund, by the person concerned, in instalments or otherwise, of any monetary benefit which may have been paid to him, on his resignation, in terms of any pension law applicable to him;
- (b) as to the payment, by the person concerned, and by the Railway Administration, in equal or unequal shares, or by the Railway Administration alone—
 - (i) of contributions to the New Fund in respect of any period which is included in the pensionable service of such person in terms of sub-section (2);
 - (ii) of interest on such contributions or on such monetary benefit; and
 - (iii) of any other moneys which may be necessary to compensate or to secure the New Fund for or against any losses arising out of the resignation and re-admission of such person.

(4) Any moneys which may become payable by the Railway Administration in terms of any conditions approved by the Minister of Transport under the preceding provisions of this section, may be paid from the Railway and Harbour Fund.

(5) Any period between the date of his resignation and the date of his re-admission which is not included in a person's pensionable service under sub-section (2) shall be deemed not to interrupt the continuity of his service for pension purposes.

(6) The provisions of this section shall not apply in respect of any person who took up civil employment other than employment under the Railway Administration, after the commencement of this Act unless the Minister of Transport otherwise decides.

New appointments.

7. (1) A person (other than a person referred to in section six) who has rendered military service and who desires to be appointed to an office or post, or to be otherwise employed, under the Railway Administration shall, in order that he may obtain the benefits provided by this Act, lodge his application for such appointment or employment in the manner prescribed by regulation, within six months after the date of commencement of this Act or the date of his discharge from military service, whichever is the later.

(2) If a person referred to in sub-section (1), who has lodged his application for appointment or employment in terms of that sub-section, is appointed to or employed in an office or post under the Administration for which he is eligible, regard shall be had, for the purpose of determining his commencing salary or wage, to the duration of such person's military service and to any qualifications or previous experience which render him suitable for such appointment or employment.

(3) If a person referred to in sub-section (1), who has lodged his application for appointment or employment in terms of that sub-section is, by reason of the operation of any law, ineligible for appointment to the permanent or temporary staff of the Railway Administration, or for membership of the New

- (a) die termyn van pensioengewende diens (indien daar een is) wat hy vòòr die datum van sy bedanking voltooi het; en
- (b) soveel van die termyn tussen die datum van sy bedanking en die datum van sy heropname as wat die Hoofbestuurder bepaal, dog wat in die geval van iemand wat militêre diens verrig het, nie minder is nie as die termyn of termyne van sodanige militêre diens,

by sy pensioengewende diens te laat insluit onderworpe aan die voorskrifte en voorwaardes wat deur die Minister van Vervoer op aanbeveling van die Hoofbestuurder goedgekeur word: Met dien verstande dat geen gedeelte van so 'n termyn ingevolge hierdie sub-artikel by iemand se pensioengewende diens ingesluit word nie as sodanige insluiting die uitwerking sou hê van 'n verlenging van die maksimum-termyn van pensioengewende diens wat so iemand kon gehad het, of om so iemand se pensioengewende diens te laat loop vanaf 'n vroeër datum as dié vanaf welke dit sou geloop het, as hy nie bedank het nie.

(3) Onverminderd die algemeenheid van die bepalings van sub-artikel (2), kan onder die daarin bedoelde voorskrifte en voorwaardes ingesluit word—

- (a) voorwaardes met betrekking tot die terugbetaling, deur die betrokke persoon, in paaiemente of andersins, van enige geldelike voordeel wat by sy bedanking ingevolge 'n op hom toepaslike pensioenwet aan hom betaal mag gewees het;
- (b) voorwaardes met betrekking tot die betaling, deur die betrokke persoon, en deur die Spoorwegadministrasie, in gelyke of ongelyke aandeel, of deur die Spoorwegadministrasie alleen—
 - (i) van bydraes tot die Nuwe Fonds ten opsigte van enige termyn wat ooreenkomstig sub-artikel (2) by die pensioengewende diens van so iemand ingesluit word;
 - (ii) van rente op sulke bydraes of op so 'n geldelike voordeel; en
 - (iii) van enige ander gelde wat nodig mag wees om die Nuwe Fonds te vergoed vir of te vrywaar teen verliese wat uit die bedanking en heropname van so iemand voortspruit.

(4) Alle gelde wat deur die Spoorwegadministrasie betaalbaar mag word ooreenkomstig voorwaardes deur die Minister van Vervoer kragtens die voorgaande bepalings van hierdie artikel goedgekeur, kan uit die Spoorweg- en Hawefonds bestry word.

(5) 'n Termyn tussen die datum van sy bedanking en die datum van sy heropname wat nie kragtens sub-artikel (2) by iemand se pensioengewende diens ingesluit word nie, word geag nie die aaneenlopendheid van sy diens vir pensioendoeleindes te onderbreek nie.

(6) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van iemand wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n burgerlike diensbetrekking (behalwe 'n diensbetrekking by die Spoorwegadministrasie) aanvaar het nie, tensy die Minister van Vervoer anders beslis.

7. (1) Iemand anders as 'n in artikel ses bedoelde persoon **Nuwe aanstelling s.** wat militêre diens verrig het en wat verlang om in 'n betrekking of pos by die Spoorwegadministrasie aangestel of om andersins deur die Spoorwegadministrasie in diens geneem te word, moet, ten einde die voordeel waarvoor hierdie Wet voorsiening maak te verkry, sy aansoek om sodanige aanstelling of indiensneming op die by regulasie voorgeskrewe wyse indien binne ses maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet of die datum van sy ontslag uit militêre diens, na gelang van watter die jongste is.

(2) As 'n in sub-artikel (1) bedoelde persoon wat sy aansoek om aanstelling of indiensneming ooreenkomstig daardie sub-artikel ingedien het, in 'n betrekking of pos by die Administrasie waarvoor hy in aanmerking kan kom, aangestel of in diens geneem word, word die duur van so iemand se militêre diens, asook enige kwalifikasies of vorige ondervinding wat hom vir sodanige aanstelling of indiensneming geskik maak, in aanmerking geneem by die vasstelling van sy aanvangsalaris of -loon.

(3) As 'n in sub-artikel (1) bedoelde persoon wat sy aansoek om aanstelling of indiensneming ooreenkomstig daardie sub-artikel ingedien het, weens die werking van een of ander wetsbepaling nie vir aanstelling op die permanente of tydelike personeel van die Spoorwegadministrasie, of vir lidmaatskap van

Fund, any or all of the requirements of such law relating to health, age and educational qualifications, may be suspended, relaxed or waived so as to permit of the appointment of such person, and of his admission to the New Fund, provided such person's general physical condition and educational standard, including his knowledge of both official languages, render him capable of performing efficiently the duties of the office or post to which it is proposed to appoint him.

(4) The provisions of sub-section (2) shall apply in respect of a person appointed in terms of sub-section (3): Provided that any such appointment may be made subject to compliance, by the person concerned, within a specified period, with any conditions which the General Manager may lay down.

(5) Notwithstanding anything to the contrary contained in the Railways and Harbours Superannuation Fund Act, 1925 (Act No. 24 of 1925), any person appointed to the temporary staff of the Railway Administration in terms of sub-section (2) or (3), shall be entitled to elect in writing, within one month from the date upon which he is called upon by the General Manager to do so, to have the period or periods of his military service included in his pensionable service subject to such terms and conditions as may be approved by the Minister of Transport on the recommendation of the General Manager, and the provisions of sub-section (3) of section *six* shall *mutatis mutandis*, in so far as they are applicable, apply with regard to conditions approved by the Minister under this sub-section: Provided that no part of any period of his military service shall be included in a person's pensionable service under this sub-section if the effect of such inclusion would be to increase the maximum period of pensionable service which that person could have had, or to make that person's pensionable service commence from a date prior to that from which it would have commenced, had he entered the employ of the Railway Administration on the date when he first entered military service, and remained so employed:

(6) If a person has elected in terms of sub-section (5) to have the period or periods of his military service included in his pensionable service, the continuity of his service for pension purposes shall be deemed not to be interrupted by any period between the date of his final discharge from military service and the date of his appointment or employment under the Railway Administration.

(7) The provisions of sub-section (4) of section *six* shall apply in respect of the payment of any moneys which may become payable by the Railway Administration in terms of conditions approved by the Minister of Transport under sub-section (5).

(8) No person who is not a Union national at the date upon which his application for appointment or employment is lodged in terms of sub-section (1) shall be appointed or employed in terms of sub-section (2) or (3).

Preservation, to persons who are re-admitted to service of Railway Administration, of certain rights of election under pension laws.

8. A person referred to in sub-section (1) of section *six* who did not, prior to his resignation from the service of the Railway Administration, exercise the right of election provided for—

- (a) in sub-section (3) of section *five* of the Railways and Harbours Superannuation Fund Act, 1925, as amended by sub-section (1) of section *three* of the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1944; or
- (b) in sub-section (2) of section *three* of the last-mentioned Act,

and who, but for his resignation, would have been entitled to make either of those elections, shall, notwithstanding the provisions of the said sub-sections, have the right, if he has been or is re-admitted to the service of the Railway Administration, to make whichever of the said elections he would have been so entitled to make, within a period of six months after the date of his re-admission or the date of commencement of this Act, whichever is the later.

Military service to count as service for purposes of Act No. 26 of 1941.

9. If a person who has rendered military service is re-admitted or appointed to the service of the Railway Administration in terms of section *six* or *seven*, but under conditions which do not admit of his contributing to the New Fund

die Nuwe Fonds, in aanmerking kan kom nie, kan al of enigee van die vereistes van daardie wetsbepaling met betrekking tot gesondheid, ouderdom en opvoedkundige kwalifikasies opgeskort of versag word, of kan daarvan afgesien word ten einde die aanstelling van so iemand en sy toelating tot die Nuwe Fonds moontlik te maak, mits so iemand se liggaamlike toestand en opvoedkundige standaard in die algemeen, met inbegrip van sy kennis van albei amptelike tale, hom geskik maak om die pligte verbonde aan die betrekking of pos waarin voorgeneem word om hom aan te stel, op doeltreffende wyse te verrig.

(4) Die bepalings van sub-artikel (2) is van toepassing ten opsigte van iemand wat ingevolge sub-artikel (3) aangestel word: Met dien verstande dat so 'n aanstelling onderworpe gestel kan word aan voldoening, deur die betrokke persoon, binne 'n bepaalde tyd, aan voorwaardes wat die Hoofbestuurder mag stel.

(5) Ondanks andersluidende bepalings van die „Spoorwegen en Havens Superannuatie Fonds Wet, 1925" (Wet No. 24 van 1925), het iemand wat ooreenkomstig sub-artikel (2) of (3) op die tydelike personeel van die Spoorwegadministrasie aangestel word, die reg om skriftelik te kies, binne 'n maand vanaf die datum waarop hy deur die Hoofbestuurder daartoe aangesê word, om die termyn of termyne van sy militêre diens by sy pensioengewende diens te laat insluit, onderworpe aan die voorskrifte en voorwaardes wat deur die Minister van Vervoer op aanbeveling van die Hoofbestuurder goedgekeur word, en die bepalings van sub-artikel (3) van artikel ses is *mutatis mutandis*, vir sover hulle toepaslik is, van toepassing met betrekking tot voorwaardes wat deur die Minister kragtens hierdie sub-artikel goedgekeur word: Met dien verstande dat geen gedeelte van enige termyn van sy militêre diens kragtens hierdie sub-artikel by iemand se pensioengewende diens ingesluit word nie as sodanige insluiting die uitwerking sou hê van 'n verlenging van die maksimumtermyn van pensioengewende diens wat so iemand kon gehad het, of om so iemand se pensioengewende diens te laat loop vanaf 'n vroeër datum as dié vanaf welke dit sou geloop het, as hy tot die diens van die Spoorwegadministrasie toegetree het op die datum waarop hy vir die eerste maal in militêre diens getree het, en aldus in diens gebly het.

(6) As iemand ooreenkomstig sub-artikel (5) gekies het om die termyn of termyne van sy militêre diens by sy pensioengewende diens te laat insluit, word die aaneenlopendheid van sy diens vir pensioendoeleindes geag nie onderbreek te word deur enige tydperk tussen die datum van sy finale ontslag uit militêre diens en die datum van sy aanstelling of indiensneming by die Spoorwegadministrasie nie.

(7) Die bepalings van sub-artikel (4) van artikel ses is van toepassing ten opsigte van die betaling van gelde wat deur die Spoorwegadministrasie betaalbaar mag word ingevolge voorwaardes deur die Minister van Vervoer kragtens sub-artikel (5) goedgekeur.

(8) Niemand wat nie 'n Unieburger is op die datum waarop sy aansoek om aanstelling of indiensneming ooreenkomstig sub-artikel (1) ingedien word, mag ooreenkomstig sub-artikel (2) of (3) aangestel of in diens geneem word nie.

8. 'n In sub-artikel (1) van artikel ses bedoelde persoon wat nie, voor sy bedanking uit die diens van die Spoorwegadministrasie, die reg om te kies waarvoor voorsiening gemaak word—

(a) in sub-artikel (3) van artikel vyf van die „Spoorwegen en Havens Superannuatie Fonds Wet, 1925", soos gewysig deur sub-artikel (1) van artikel drie van die Wysigingswet op die Spoorweg- en Hawewette, 1944; of

(b) in sub-artikel (2) van artikel drie van laasgenoemde Wet,

uitgeoefen het nie, en wat, as dit nie vir sy bedanking was nie, die reg sou gehad het om die een of die ander van daardie keuses te doen, het die reg, ondanks die bepalings van bedoelde sub-artikels, indien hy in diens van die Spoorwegadministrasie heropgeneem is of word, om watter een ook al van bedoelde keuses hy aldus sou kon gedoen het, te doen binne 'n tydperk van ses maande na die datum van sy heropname of die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, na gelang van watter die jongste is.

9. As iemand wat militêre diens verrig het, ooreenkomstig artikel ses of sewe in diens van die Spoorwegadministrasie heropgeneem of aangestel word, dog onder voorwaardes wat dit nie vir hom moontlik maak om ten opsigte van die termyn

Behoud, vir persone wat in diens van Spoorwegadministrasie heropgeneem word, van reg om sekere keuses kragtens pensioenwette te doen.

Militêre diens tel as diens vir doeleindes van Wet 26 van 1941.

in respect of the period or periods of his military service, such period or periods of military service shall be deemed to be service for the purposes of the Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1941 (Act No. 26 of 1941).

PART III.

GENERAL.

Advances to pension funds from revenue.

10. (1) Whenever a person is re-admitted, appointed or employed under this Act, there may be advanced to the appropriate pension, superannuation or provident fund out of the Consolidated Revenue Fund, or out of the revenue fund of the province concerned or of the mandated territory of South West Africa, or out of the Railway and Harbour Fund, as the case may be, a sum not exceeding the total amount of any contributions or other moneys which, in terms of any conditions approved by the Treasury or by the Minister of Transport, as the case may be, under any provision of this Act, are payable by such person to that fund, and the sum so advanced shall be recovered by deduction from that person's salary or wages in such instalments as the Treasury or the General Manager, as the case may be, shall direct.

(2) If the employment of any such person is terminated for any reason whatever before the total amount to be so paid by him to any such pension, superannuation or provident fund, or to be recovered from him in terms of sub-section (1), has been fully paid or recovered, the amount still unpaid shall be deducted from any benefit payable under the pension law applicable to him.

Leave of absence without pay to count as service for purposes of salary increments.

11. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any other law, if any person in the employ of the Government was or is granted leave of absence without civil pay by the head of his department or by or under the authority of the General Manager, as the case may be, in respect of any period of his absence on military service, such leave of absence together with not more than thirty days prior to his enlistment for, and thirty days subsequent to his discharge from, such service, shall count as service for the purpose of increments in his civil salary or wages, and the provisions of this sub-section shall have effect as from the date upon which such person became or becomes eligible for the payment of such salary or wages.

(2) For the purposes of sub-section (1) a person who has rendered military service and who is re-admitted to the service of the Government in terms of sub-section (1) of section *two* or sub-section (1) of section *six*, shall be deemed to have been on authorized leave of absence without pay for the period or periods of his military service together with not more than thirty days prior to his first enlistment for, and thirty days subsequent to his final discharge from, such service.

Refund of cost of purchase of discharge.

12. If a person who is re-admitted to the service of the Government in terms of this Act was, prior to his resignation, a member of the services as defined in the Public Service Act, or a person appointed under section *fifty-seven* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, 1916, and his resignation involved the purchase by him of his discharge, the amount paid by him to purchase his discharge shall be refunded to him upon his re-admission to employment.

Special provisions in regard to apprentices.

13. (1) If a person who is re-admitted to the service of the Government in terms of this Act was an apprentice, at the time of his resignation, his contract of apprenticeship shall, subject to any right to terminate or cancel the contract, be regarded as suspended from the date of his resignation and shall, if it has not terminated in pursuance of the provisions of sub-section (2), come into operation again upon his re-admission.

(2) The period during which an apprentice referred to in sub-section (1) has rendered military service, or a period of one year, whichever is the shorter, shall be regarded as part of the period of apprenticeship which he is required to serve under his contract of apprenticeship.

(3) Any period in excess of one year during which any such apprentice rendered military service, may be regarded as part of the said period of apprenticeship if the head of the department concerned, or the General Manager, as the case may be, is satisfied, after consultation with the Inspector of Apprenticeship appointed under section *three* of the Apprenticeship Act, 1922 (Act No. 26 of 1922), that in the course of his military service such apprentice performed duties connected with the trade to which he is apprenticed, for a period or periods not shorter in all than the period which it is proposed to regard as part of his period of apprenticeship in terms of this sub-section.

of termyne van sy militêre diens tot die Nuwe Fonds by te dra nie, dan word daardie termyn of termyne van militêre diens geag diens te wees vir die doeleindes van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1941 (Wet No. 26 van 1941).

DEEL III.

ALGEMEEN.

10. (1) Wanneer iemand kragtens hierdie Wet heropgeneem, aangestel of in diens geneem word, kan daar aan die betrokke pensioen- of voorsorgsfonds voorgeskiet word, uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds, of uit die inkomstefonds van die betrokke provinsie of van die mandaatgebied Suidwes-Afrika, of uit die Spoorweg- en Hawefonds, na gelang van die geval, 'n bedrag van hoogstens die totaal van bydraes of ander gelde wat, volgens voorwaardes deur die Tesourie, of die Minister van Vervoer, na gelang van die geval, kragtens een of ander bepaling van hierdie Wet goedgekeur, deur so iemand aan daardie fonds betaalbaar is, en die bedrag wat aldus voorgeskiet word, word verhaal by wyse van aftrekking van so iemand se salaris of loon in sulke paaielemente as wat die Tesourie, of die Hoofbestuurder, na gelang van die geval, bepaal.

Voorskotte aan pensioenfondse uit inkomste.

(2) Ingeval die diens van so iemand op watter grond ook al beëindig word voordat die totaalbedrag wat aldus deur hom aan so 'n pensioen- of voorsorgsfonds betaal moet word, of wat ingevolge sub-artikel (1) op hom verhaal moet word, ten volle betaal of verhaal is, word die aldan nog onbetaalde bedrag afgetrek van enige voordeel wat kragtens die op hom toepaslike pensioenwet betaalbaar mag wees.

11. (1) Indien afwesighedsverlof sonder burgerlike besoldiging aan iemand in diens van die Regering deur die hoof van sy departement of deur of op gesag van die Hoofbestuurder, na gelang van die geval, ten opsigte van enige tydperk van sy afwesigheid met militêre diens toegestaan is of word, dan word sodanige afwesighedsverlof, tesame met hoogstens dertig dae vòòr sy inskrywing vir, en dertig dae na sy ontslag uit, bedoelde diens, ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet, as diens gereken vir die doeleindes van verhogings van sy burgerlike salaris of loon, en die bepalings van hierdie sub-artikel is van krag vanaf die datum waarop so iemand vir die betaling van sodanige salaris of loon in aanmerking gekom het of kom.

Afwesighedsverlof sonder besoldiging tel as diens vir doeleindes van salarisverhogings.

(2) Vir die doeleindes van sub-artikel (1) word beskou dat iemand wat militêre diens verrig het en wat ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel twee of sub-artikel (1) van artikel ses in diens van die Regering heropgeneem word, met goedgekeurde verlof sonder besoldiging afwesig was vir die termyn of termyne van sy militêre diens tesame met hoogstens dertig dae vòòr sy eerste inskrywing vir, en dertig dae na sy finale ontslag uit bedoelde diens.

12. As iemand wat ingevolge hierdie Wet in diens van die Regering heropgeneem word, vòòr sy bedanking 'n lid was van die dienste, soos in die Staatsdienswet omskryf, of iemand was wat kragtens artikel *sewen-en-vyftig* van die „Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, 1916”, aangestel is, en sy bedanking die koop deur hom van sy ontslag meebring het, dan word die bedrag wat deur hom betaal is om sy ontslag te koop, by sy heropname in diens aan hom terugbetaal.

Terugbetaling van koste verbonde aan koop van ontslag.

13. (1) As iemand wat ingevolge hierdie Wet in diens van die Regering heropgeneem word, ten tyde van sy bedanking 'n vakleerling was, dan word sy leerkontrak, behoudens enige reg om die kontrak te beëindig of te ontbind, geag opgeskort te wees vanaf die datum van sy bedanking en, as dit nie uit hoofde van die bepalings van sub-artikel (2) verstryk het nie, tree dit by sy heropname in diens weer in werking.

Spesiale bepalings met betrekking tot vakleerlinge.

(2) Die termyn gedurende welke 'n in sub-artikel (1) bedoelde vakleerling militêre diens verrig het, of 'n termyn van een jaar, na gelang van watter die kortste is, word geag deel uit te maak van die leertyd wat hy kragtens sy leerkontrak moet dien.

(3) 'n Termyn van meer as 'n jaar, gedurende welke so 'n vakleerling militêre diens verrig het, kan as deel van bedoelde leertyd beskou word as die hoof van die betrokke departement, of die Hoofbestuurder, na gelang van die geval, na beraadslaging met die Inspekteur van Vakleerlinge kragtens artikel *drie* van die „Vakleerlingen Wet, 1922” (Wet No. 26 van 1922) aangestel, oortuig is dat so 'n vakleerling in die loop van sy militêre diens pligte verrig het wat met die bedryf waarin hy leerling is in verband staan, vir 'n termyn of termyne van tesame minstens dieselfde duur as die termyn wat dit voornemens is ingevolge hierdie sub-artikel as deel van sy leertyd te beskou.

(4) A person who, having rendered military service, is appointed to the service of the Government in terms of this Act and who, at the time when his military service commenced, could validly have entered into a contract of apprenticeship in respect of a designated trade under the Apprenticeship Act, 1922 (Act No. 26 of 1922), may, notwithstanding anything to the contrary contained in that Act, enter into such a contract within a period of six months after his appointment, and the provisions of sub-sections (2) and (3) shall *mutatis mutandis* apply in respect of the period which he is required to serve under such a contract.

Extension of periods fixed by or under this Act.

14. Any period fixed by or under this Act for the lodging of any application for re-admission, appointment or employment, or for the making of any election, or for the fulfilment of any condition laid down under sub-section (4) of section *four* or sub-section (4) of section *seven*, may at the discretion of the Commission or of the General Manager, as the case may be, be extended in exceptional circumstances by such period as may appear to it or him to be reasonable: Provided that no such extension shall be effective beyond the date fixed for the expiry of this Act.

Regulations.

15. The Governor-General may make regulations, not inconsistent with this Act, for the effective carrying out of the objects and purposes thereof.

Application of Act.

16. This Act and the regulations made thereunder shall be in force in and apply to the mandated territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, but shall not apply in respect of any person whose appointment and other conditions of service are governed by any Provincial Ordinance, or by any Ordinance of the Legislative Assembly of the mandated territory of South West Africa or by any Proclamation issued by the Administrator of that territory.

Certain pension contributions paid by Government to be regarded as paid by person in respect of whom they were paid.

17. If, in terms of any conditions approved by the Treasury under sub-section (2) or (5) of section *two*, section *three* or sub-section (5) of section *four*, or by the Minister of Transport under sub-section (2) of section *six* or sub-section (5) of section *seven*, the Government is required to pay, in respect of any period which under any of those sub-sections has been included in any person's pensionable service, in addition to its own share, also that person's share of any contributions payable in respect of any such period to a pension or provident fund, or that person's share of any interest payable in respect of such contributions, any payment so made by the Government shall, in so far as it represents that person's share of the said contributions and the said interest (if any), be regarded for the purposes of any pension law applicable to him, as having been made by such person himself: Provided that if such person—

- (a) being an officer or employee, retires or is retired or discharged in circumstances mentioned in sub-section (2), (3), (4), (6) or (7) of section *twenty-one*, or in sub-section (2), (3) or (5) of section *seventy* of the Government Service Pensions Act, 1936; or
- (b) being a person in the employ of the Railway Administration, retires or is retired or discharged in circumstances mentioned in sub-section (4) of section *sixteen* or sub-section (3) of section *twenty-four* or section *twenty-eight*, *twenty-nine* or *thirty* of the Railways and Harbours Superannuation Fund Act, 1925,

there shall be deducted from any benefit payable to him under the applicable pension law, and repaid to revenue, an amount equal to the amount which in terms of this section is regarded as having been paid by such person himself: Provided further that if such benefit takes the form of an annuity granted under section *eleven bis* of the Railways and Harbours Service Act, 1925, the Governor-General or the Minister of Transport, as the case may be, may direct that a portion of any such annuity shall be commuted by an amount in cash sufficient to cover any amount to be deducted under this section.

Retrospective application of this Act in respect of certain persons.

18. Any person who has rendered military service and has been re-admitted, appointed or employed prior to the commencement of this Act, may, with effect from the date on which he was so re-admitted, appointed or employed, be dealt with in such manner as he might have been dealt with had this Act

(4) Iemand wat, nadat hy militêre diens verrig het, ingevolge hierdie Wet in diens van die Regering aangestel word, en wat, toe sy militêre diens 'n aanvang geneem het, 'n geldige leerkontrak ten opsigte van 'n aangewese bedryf kragtens die „Vakleerlingen Wet, 1922” (Wet No. 26 van 1922) kon aangaan het, kan, ondanks andersluidende bepalings van daardie Wet, so 'n kontrak aangaan binne 'n tydperk van ses maande na sy aanstelling, en die bepalings van sub-artikels (2) en (3) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die termyn wat hy ingevolge so 'n kontrak moet dien.

14. Enige tydperk deur of kragtens hierdie Wet bepaal vir die indiening van 'n aansoek om heropname, aanstelling of indienseneming, of vir die doen van 'n keuse, of vir die vervulling van 'n voorwaarde gestel kragtens sub-artikel (4) van artikel vier of sub-artikel (4) van artikel sewe, kan volgens goeddunke van die Kommissie of van die Hoofbestuurder, na gelang van die geval, in buitengewone omstandighede verleng word met so 'n tydperk as wat die Kommissie of die Hoofbestuurder billik ag: Met dien verstande dat so 'n verlenging nie ná die datum wat vir die buitewerkingtreding van hierdie Wet bepaal is, van krag bly nie.

15. Die Goewerneur-generaal kan regulasies wat nie onbestaanbaar met hierdie Wet is nie, uitvaardig vir die doelmatige bereiking en verwesenliking van die oogmerke en doeleindes daarvan.

16. Hierdie Wet en die uit kragte daarvan uitgevaardigde regulasies is van krag in en van toepassing op, die mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, dog is nie van toepassing nie ten opsigte van enig iemand wie se aanstelling en ander diensvoorwaardes deur 'n Provinsiale Ordonnansie, of deur 'n Ordonnansie van die Wetgewende Raad van die mandaatgebied Suidwes-Afrika of deur 'n Proklamasie van die Administrateur van daardie gebied, gereël word.

17. Indien die Regering, ingevolge voorwaardes deur die Tesourie goedgekeur kragtens sub-artikel (2) of (5) van artikel twee, artikel drie of sub-artikel (5) van artikel vier, of deur die Minister van Vervoer goedgekeur kragtens sub-artikel (2) van artikel ses of sub-artikel (5) van artikel sewe verplig is om, ten opsigte van enige termyn wat kragtens enigeen van daardie sub-artikels by iemand se pensioengewende diens ingesluit is, benewens sy eie aandeel, ook so iemand se aandeel van bydraes wat ten opsigte van so 'n termyn aan 'n pensioen- of voorsorgfonds verskuldig is, of so iemand se aandeel van enige rente wat ten opsigte van sulke bydraes verskuldig is, te betaal, dan word enige betaling wat aldus deur die Regering gedoen word, vir sover dit so iemand se aandeel van bedoelde bydraes en bedoelde rente (indien daar is) verteenwoordig, vir die doeleindes van 'n op hom toepaslike pensioenwet geag deur so iemand self gedoen te gewees het: Met dien verstande dat as so iemand—

- (a) synde 'n beampte of werknemer, uit die diens tree of afgedank of ontslaan word onder omstandighede in sub-artikel (2), (3), (4), (6) of (7) van artikel een-en-twintig, of in sub-artikel (2), (3) of (5) van artikel sewentig van die Regeringsdiens Pensioenwet, 1936 vermeld; of
- (b) synde iemand in diens van die Spoorwegadministrasie, uit die diens tree of afgedank of ontslaan word onder omstandighede in sub-artikel (4) van artikel sestiën of sub-artikel (3) van artikel vier-en-twintig of artikel agt-en-twintig, negen-en-twintig of dertig van die „Spoorwegaan en Havens Superannuatie Fonds Wet, 1925” vermeld,

daar van enige voordeel wat kragtens die toepaslike pensioenwet aan hom betaalbaar is, 'n bedrag afgetrek en aan inkomste terugbetaal moet word, gelyk aan die bedrag wat ingevolge hierdie artikel geag word deur so iemand self betaal te gewees het: Met dien verstande voorts dat as so 'n voordeel die vorm aanneem van 'n jaargeld toegeken kragtens artikel elf bis van die „Spoorwegaan en Havens Dienst Wet, 1925”, die Goewerneur-generaal of die Minister van Vervoer, na gelang van die geval, kan gelas dat 'n gedeelte van so 'n jaargeld omgesit word in 'n kontantbedrag voldoende om enige bedrag wat kragtens hierdie artikel afgetrek moet word, te dek.

18. Iemand wat militêre diens verrig het en wat vòr die inwerkingtreding van hierdie Wet heropgeneem, aangestel of in diens geneem is, kan, met ingang van die datum waarop hy aldus heropgeneem, aangestel of in diens geneem is, behandel word soos hy behandel kon geword het as hierdie Wet van krag

Verlenging van tydperke deur of kragtens hierdie Wet bepaal.

Regulasies.

Toepassing van Wet.

Sekere pensioenbydraes deur Regering betaal, word beskou betaal te wees deur persoon ten opsigte van wie hulle betaal is.

Terugwerkende krag van hierdie Wet ten opsigte van sekere persone.

been in force at the date when he was re-admitted, appointed or employed: Provided that this section shall not apply to any person who subsequent to such re-admission, appointment or employment voluntarily retired or was discharged from employment under the Government.

- Duration of Act.** 19. (1) This Act shall expire on a date to be fixed by the Governor-General by proclamation, which date shall be not later than five years after the date which the Governor-General has by proclamation declared to be the date of termination of the war: Provided that the said period of five years may from time to time be extended by resolution of both Houses of Parliament for any further period specified in the resolution.
(2) The expiry of this Act shall not affect the operation thereof as regards previous acts or omissions.
- Repeal of law.** 20. The Public Servants (Military Service) Act, 1919 (Act No. 25 of 1919), is hereby repealed.
- Short title and commencement.** 21. This Act shall be called the Public Servants (Military Service) Act, 1944, and save as is expressly provided as to any particular provision thereof, shall come into operation on the first day of July, 1944.

No. 28, 1944.]

ACT

To amend the South-West Africa Affairs Act, 1922.

*(Signed by the Officer Administering the Government in
Afrikaans.)
(Assented to 10th May, 1944.)*

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

- Amendment of section 1 of Act 24 of 1922.** 1. Section *one* of the South-West Africa Affairs Act, 1922, is hereby amended by the substitution for sub-section (4) of the following sub-section:
“(4) Any Act of Parliament or proclamation by the Governor-General, passed or issued after the date fixed as aforesaid, which is in force or which may come into operation in the mandated territory, shall, as long as and to the extent to which it is in force in the mandated territory, be in force also in the said port and settlement, unless the Act or proclamation otherwise provides.”
- Short title.** 2. This Act shall be called the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1944.

was op die datum toe hy heropgeneem, aangestel of in diens geneem is: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is op iemand wat ná sodanige heropname, aanstelling of indiënsneming, uit die diens van die Regering ontslaan is of vrywillig daaruit getree het nie.

19. (1) Hierdie Wet tree buite werking op 'n datum deur die Goewerneur-generaal by proklamasie te bepaal, welke datum nie later mag wees nie dan vyf jaar na die datum wat die Goewerneur-generaal by proklamasie verklaar het die datum van beëindiging van die oorlog te wees: Met dien verstande dat bedoelde tydperk van vyf jaar van tyd tot tyd by besluit van beide Huise van die Parlement verleng kan word vir 'n verdere in die besluit bepaalde tydperk.

Duur van Wet.

(2) Die buitewerkingtreëding van hierdie Wet raak nie die werking daarvan vir sover dit vorige doen en late aanbetref nie.

20. Die „Staatsdienaren (Militaire Dienst) Wet, 1919” (Wet No. 25 van 1919) word hierby herroep.

Herroeping van Wet.

21. Hierdie Wet heet die Wet op Staatsamptenare (Militêre Diens), 1944, en behalwe vir sover uitdruklik met betrekking tot een of ander besondere bepaling daarvan bepaal word, tree dit op die eerste dag van Julie 1944 in werking.

Kort titel en inwerkingtreëding.

No. 28, 1944.]

WET

Tot wysiging van die „Wet betreffende Aangelegenheden van Zuidwest-Afrika, 1922”.

(Deur die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uivoerende Gesag in Afrikaans geteken.)
(Goedgekeur op 10 Mei 1944.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Artikel een van die „Wet betreffende Aangelegenheden van Zuidwest-Afrika, 1922”, word hiermee gewysig deur sub-artikel (4) te vervang deur die volgende sub-artikel:

Wysiging van artikel 1 van Wet 24 van 1922.

„(4) Een Wet van het Parlement of proklamatie door de Goewerneur-generaal, na de als voorzegd bepaalde datum aangenomen of uitgevaardigd, die in het mandaatgebied van kracht is of in werking treedt, is, zoo lang en tot de mate waarin zij in het mandaatgebied van kracht is, ook in genoemde haven en nederzetting van kracht, tenzij de Wet of proklamatie anders bepaalt.”

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1944.

Kort titel.

No. 29, 1944.]

ACT

To consolidate and amend the laws relating to the South African Reserve Bank, and to make provision for matters incidental to the regulation of the monetary system of the Union.

(Signed by the Officer Administering the Government in English.)

(Assented to 10th May, 1944.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act—

“commercial bank” means a commercial bank as defined in section *one* of the Banking Act, 1942 (Act No. 38 of 1942);

“Government representative” means a member of the board, other than the Governor or Deputy-Governor, appointed under section *three* or *five*;

“Minister” means the Minister of Finance;

“stockholder” means any holder of stock of the bank;

“stockholders’ representative” means a member of the board elected under section *three* or *five*;

“the bank” means the South African Reserve Bank established by section *nine* of the Currency and Banking Act;

“the board” means the board of directors referred to in sub-section (1) of section *three*;

“the Currency and Banking Act” means the Currency and Banking Act, 1920 (Act No. 31 of 1920);

“the Treasury” means the Minister or any officer in the Department of Finance authorized by the Minister to perform any function assigned to the Treasury in this Act.

South African Reserve Bank a body corporate.

2. The bank shall be a body corporate capable of suing and being sued in its corporate name, and of performing all such acts as are necessary for, incidental or conducive to or usual in the carrying on of its business, the exercise of its powers and the performance of its duties.

Board of directors.

3. (1) The bank shall be managed by a board of eleven directors, consisting of a Governor, a Deputy-Governor and three other directors appointed by the Governor-General, and six directors elected by the stockholders.

(2) (a) The Governor shall be a person of tested banking experience.

(b) No person shall be appointed as or remain Governor or Deputy-Governor if he has any interest in any commercial bank.

(3) Of the directors elected by the stockholders, three shall be persons who are or have been actively and primarily engaged in commerce or finance, one shall be a person who is or has been so engaged in agriculture, and two shall be persons who are or have been so engaged in other industrial pursuits.

(4) A Government representative may, subject to the approval of the Minister, nominate any person, and a stockholders’ representative may, subject to the approval of the board, nominate any person who would be qualified to be elected in his stead, as an alternate director to act in his place on the occasions and in the circumstances and subject to the conditions set forth in the regulations.

(5) An alternate director, when acting in the place of any director, shall in all respects have all the powers and discharge all the duties of that director.

(6) No person shall be appointed or elected or remain a director or an alternate director—

(a) if he is not a Union national resident in the Union; or

(b) if he is a director, officer or employee of a commercial bank; or

(c) if he is a senator or a member of the House of Assembly or a provincial councillor.

Tenure and conditions of office of directors.

4. (1) The Governor and Deputy-Governor shall hold office for a period of five years and other directors for a period of three years.

(2) A director shall be eligible for re-appointment or re-election, as the case may be, after the expiration of his term of office.

No. 29, 1944.]

WET

Tot samevatting en wysiging van die wette betreffende die Suid-Afrikaanse Reserwebank, en om voorsiening te maak vir sake wat met die reëling van die geldwese van die Unie in verband staan.

(Deur die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag in Engels geteken.)
(Goedgekeur op 10 Mei 1944.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:

1. In hierdie Wet beteken—

- „handelsbank” ’n handelsbank soos in artikel *een* van die Bankwet, 1942 (Wet No. 38 van 1942) omskryf; Woordbepaling.
- „Regeringsverteenwoordiger” ’n kragtens artikel *drie* of *vyf* aangestelde lid van die raad, maar nie die President of Vise-president nie;
- „Minister” die Minister van Finansies;
- „aandeehouer” ’n houer van aandele van die bank;
- „verteenwoordiger van aandeehouers” ’n kragtens artikel *drie* of *vyf* verkose lid van die raad;
- „die bank” die Suid-Afrikaanse Reserwebank by artikel *nege* van die Betaalmiddels- en Bankwet ingestel;
- „die raad” die in sub-artikel (1) van artikel *drie* bedoelde raad van direkteure;
- „die Betaalmiddels- en Bankwet” die „Betaalmiddelen en Bankwet, 1920” (Wet No. 31 van 1920);
- „die Tesourie” die Minister of enige amptenaar in die Departement van Finansies wat deur die Minister gemagtig is om ’n werksaamheid te verrig wat hierdie Wet aan die Tesourie opdra.

2. Die bank is ’n regspersoon wat as eiser en verweerder in sy naam as regspersoon in regte kan optree, en wat alle handelings kan verrig wat nodig of bevorderlik is vir, in verband staan met of gebruiklik is by die verrigting van sy sake, die uitoefening van sy bevoegdhede en die vervulling van sy pligte. Suid-Afrikaanse Reserwebank ’n regspersoon.

3. (1) Die bank word bestuur deur ’n raad van elf direkteure, bestaande uit ’n President, ’n Vise-president en drie ander direkteure deur die Góewerneur-generaal aangestel en ses direkteure deur die aandeehouers gekies. Raad van direkteure.

(2) (a) Die President moet ’n persoon met beproefde bankervaring wees.

(b) ’n Persoon wat een of ander belang by ’n handelsbank het, kan nie as President of Vise-president aangestel word of as sulks aanbly nie.

(3) Drie van die direkteure wat die aandeehouers kies moet persone wees wat hul aktief en in hoofsaak met die handel of met finansiewese besighou of -gehou het, een van hul moet ’n persoon wees wat hom aldus met landbou besighou of -gehou het, en twee van hul moet persone wees wat hul aldus met ander industriële bedrywighede besighou of -gehou het.

(4) ’n Regeringsverteenwoordiger kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, enige persoon, en ’n verteenwoordiger van aandeehouers kan, onderworpe aan die goedkeuring van die raad, enige persoon wat in sy plek gekies sou kan word, benoem om as plaasvervanger in sy plek op te tree by die geleenthede en onder die omstandighede en onderworpe aan die voorwaardes in die regulasies uiteengesit.

(5) ’n Plaasvervangende direkteur het, wanneer hy in die plek van ’n direkteur optree, in alle opsigte al die bevoegdhede en vervul al die pligte van daardie direkteur.

(6) Niemand word as direkteur of plaasvervangende direkteur aangestel of gekies of bly as sulks aan nie—

(a) indien hy nie ’n Unieburger is wat in die Unie woon nie; of

(b) indien hy ’n direkteur, beampte of werknemer van ’n handelsbank is; of

(c) indien hy ’n senator of ’n lid van die Volksraad of van ’n provinsiale raad is.

4. (1) Die President en Vise-president beklee hul amp vir ’n tydperk van vyf jaar en ander direkteure vir ’n tydperk van drie jaar. Ampstermyn en voorwaardes van direkteure.

(2) ’n Direkteur kan na verstryking van sy ampstermyn na gelang van die geval weer aangestel of herkies word.

(3) Directors (including the Governor and Deputy-Governor) shall hold office upon such conditions as to remuneration (including allowances, other than allowances referred to in sub-section (4)) as may be determined by the board with the approval of the Minister, and upon such other conditions as may be prescribed by regulation.

(4) Directors may, in addition to their remuneration, be paid such allowances in respect of expenses incurred in connection with the performance of their functions, as the board may from time to time determine.

(5) The Governor and Deputy-Governor shall devote the whole of their time to the business of the bank.

Casual vacancies.

5. (1) A casual vacancy on the board shall be filled—

(a) in the case of the Governor or Deputy-Governor or of a Government representative, by the appointment by the Governor-General of another person; and

(b) in the case of a stockholders' representative, by the election by the stockholders of a person who would be qualified to be elected in the place of the director whose office has become vacant, or by the appointment by the board, subject to confirmation at the next ordinary general meeting of the stockholders, of a person so qualified.

(2) Any person appointed or elected under sub-section (1) shall hold office, in the case of the Governor or Deputy-Governor, for a period of five years, and in the case of any other director, for the unexpired portion of the period for which the director, whose office has become vacant, had been appointed or elected.

Procedure and quorum.

6. (1) The Governor shall preside at the meetings of the board, and in his absence from any meeting, the Deputy-Governor shall preside.

(2) If both the Governor and the Deputy-Governor are absent from any meeting, the directors who are present may elect from amongst themselves a chairman to preside at that meeting.

(3) Six directors shall form a quorum at any meeting.

(4) The decision of the majority of directors present at any meeting shall constitute the decision of the board.

(5) The Governor shall have a deliberative vote and, in addition, in the event of an equality of votes, a casting vote.

Validity of board's decisions and acts.

7. No decision or act of the board or act done under the authority of the board, shall be invalid by reason only of the fact that the board did not consist of the full number of directors for which provision is made in section *three*, or that a disqualified person or a person with respect to whose election the provisions of the regulations had not been observed, sat or acted as a director at the time the decision was taken or the act was done or authorized: Provided that if such a person sat or acted as a director, the decision or act was taken, done or authorized, by a majority of the directors present at the time who were entitled to sit or act as directors.

Powers and duties the bank.

8. (1) The bank may, subject to the provisions of section *nine*—

(a) make or cause bank notes to be made and issue bank notes;

(b) accept money on deposit on current account and collect money for any other persons;

(c) grant loans and advances;

(d) buy, sell, discount or re-discount bills of exchange or promissory notes issued or drawn for commercial, industrial or agricultural purposes, or bills of the Union Government or of the Government of any other country or of a local authority in the Union;

(e) buy and sell securities;

(f) invest its funds (including its staff and pension funds) in Union Government stock;

(g) buy, sell or deal in precious metals and hold in safe custody for other persons gold, securities or other articles of value;

(h) buy and sell foreign currencies;

(i) open credits and issue guarantees;

(j) effect transfers by telegram or letter and sell drafts on its branches and correspondents;

(k) establish branches or appoint agents and correspondents in or outside the Union;

(l) open accounts in foreign countries and act as agent or correspondent of any bank carrying on business in or outside the Union; and

(3) Direkteure (met inbegrip van die President en Vice-president) bekleë hul amp op die voorwaardes betreffende besoldiging (met inbegrip van toelaes, behalwe toelaes in sub-artikel (4) bedoel) wat die raad met goedkeuring van die Minister bepaal en op die ander voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf word.

(4) Direkteure kan benewens hul besoldiging, die toelaes betaal word, ten opsigte van uitgawes in verband met die verrigting van hul werksaamhede behoort, wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal.

(5) Die President en Vice-president moet al hul tyd aan die sake van die bank bestee.

5. (1) 'n Toevallige vakature in die raad word aangevul— Toevallige vakatures.

(a) in die geval van die President of Vice-president of van 'n Regeringsvertegenwoordiger, deur die aanstelling deur die Goewerneur-generaal van 'n ander persoon; en

(b) in die geval van 'n verteenwoordiger van aandeelhouders, deur die verkiesing deur die aandeelhouders van 'n persoon wat in die plek van die direkteur wie se amp vakant geword het, gekies sou kon word, of deur die aanstelling deur die raad, onderworpe aan bekragting op die eersvolgende gewone algemene vergadering van aandeelhouders, van 'n persoon wat aldus gekies sou kon word.

(2) 'n Kragtens sub-artikel (1) aangestelde of verkose persoon bekleë sy amp, in die geval van 'n President of Vice-president, vir 'n tydperk van vyf jaar, en in die geval van 'n ander direkteur, vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die direkteur wie se amp vakant geword het, aangestel of gekies was.

6. (1) Die President presideer op vergaderings van die raad, Prosedure en en by sy afwesigheid van 'n vergadering presideer die Vice-president. kworum.

(2) Indien sowel die President as die Vice-president van 'n vergadering afwesig is, kan die aanwesige direkteure uit hul midde 'n voorsitter kies om op daardie vergadering te presideer.

(3) Ses direkteure maak op 'n vergadering 'n kworum uit.

(4) Die besluit van die meerderheid van direkteure op 'n vergadering aanwesig, maak die besluit van die raad uit.

(5) Die President het 'n beraadslagende stem, en by 'n staking van stemme ook 'n beslissende stem.

7. 'n Besluit of handeling van die raad, of handeling op gesag van die raad verrig, is nie ongeldig nie slegs omdat die raad nie uit die volle aantal lede waarvoor in artikel drie voorsiening gemaak word, bestaan het nie, of omdat 'n onbevoegde persoon of 'n persoon ten opsigte van wie se verkiesing die voorskrifte van die regulasies nie nagekom is nie, as 'n direkteur sitting geneem of opgetree het toe die besluit geneem is of die handeling verrig of gemagtig is: Met dien verstande dat indien so 'n persoon as direkteur sitting geneem of opgetree het, die besluit of handeling geneem, verrig of gemagtig is deur 'n meerderheid van die direkteure wat toe aanwesig was en wel bevoeg was om as direkteure sitting te neem of op te tree. Geldigheid van besluite en handelings van raad.

(3) Ses direkteure maak op 'n vergadering 'n kworum uit.

8. (1) Die bank kan, met inagneming van die bepalinge van artikel nege— Bevoegdheids en pligte van die bank.

(a) banknote maak of laat maak, en banknote uitreik;

(b) geld in deposito neem op lopende rekening en geld vir ander persone invorder;

(c) lenings en voorskotte toestaan;

(d) wissels of promesses wat vir handels-, nywerheids- of landboudoeleindes uitgereik of getrek is, of skatkisbewyse van die Unieregering of die Regering van 'n ander land of bewyse van 'n plaaslike bestuur in die Unie, koop, verkoop, diskonteer, of herdiskonteer;

(e) effekte koop en verkoop;

(f) sy fondse (met inbegrip van sy personeel- en pensioenfondse) in effekte van die Unieregering belê;

(g) edele metale koop of verkoop of daarin handel dryf, en goud, effekte en ander artikels van waarde vir ander persone ter bewaring hou;

(h) vreemde valuta koop en verkoop;

(i) krediete open en waarborge uitreik;

(j) oorboekings doen per telegram of brief en wissels op sy takke en korrespondente verkoop;

(k) binne of buite die Unie takkantore vestig of agente en korrespondente aanstel;

(l) rekenings in die buiteland open en as agent of korrespondent optree vir enige bank wat binne of buite die Unie sake doen; en

- (m) perform such other functions of bankers and financial agents as central banks customarily may perform.
- (2) The bank shall fix and publish from time to time the rates at which it will discount the various classes of bills.

Prohibited business.

9. The bank may not—

- (a) purchase its own stock or grant loans or advances upon the security thereof;
- (b) without the consent of the Treasury, purchase the shares of any banking institution or grant loans or advances upon the security thereof;
- (c) lend or advance money on mortgage of fixed property or on notarial or other bond or cession thereof or acquire fixed property, except fixed property required by the bank for business premises or for the purpose of providing a dwelling for an officer of the bank: Provided that—
 - (i) if the board is of opinion that the value of any security held against any loan or advance is insufficient, the bank may accept as additional security a mortgage bond on fixed property or any other security approved by the board; and
 - (ii) if any fixed property so mortgaged is sold for the purpose of satisfying the mortgage debt and the purchase price obtainable is insufficient to cover the whole of the bank's claim in connection with the mortgage, the bank may buy in that property and realize it at such time and in such manner as the board may determine;
- (d) accept money on deposit for a fixed term or allow interest on credit balances on current account;
- (e) make unsecured loans or advances except to the Union Government;
- (f) lend or advance moneys to the Union Government whether by the purchase from the said Government of stock, debentures or bills, or the grant of unsecured loans or advances or otherwise to an amount exceeding that which the said Government is authorized to borrow under the provisions of section *thirty-two* of the Exchequer and Audit Act, 1911 (Act No. 21 of 1911), and the provisions of sections *one* to and including *four* of the General Loans Consolidation and Amendment Act, 1917 (Act No. 22 of 1917);
- (g) buy or discount bills of exchange or promissory notes issued or drawn for commercial and industrial purposes, which have a maturity exceeding one hundred and twenty days;
- (h) buy or discount bills of exchange or promissory notes issued or drawn for agricultural purposes which have a maturity exceeding six months;
- (i) invest in securities of the Union Government a sum exceeding its paid-up capital and reserve fund plus one-third of its liabilities to the public in the Union.

Issue of bank notes.

10. (1) The bank shall have the sole right to issue bank notes in the Union.

- (2) The bank shall not issue any bank notes of a denomination, form or material not approved by the Treasury.
- (3) The bank shall not re-issue any note which is torn or wholly or partially defaced or soiled, or which has not been disinfected and sterilized before re-issue.

Notes to be legal tender.

11. (1) A tender of a note of the bank shall be a legal tender of payment for the amount expressed in the note, except by the bank itself which shall, subject to the provisions of sub-section (2), redeem its notes and the outstanding notes of other banks for which it has assumed liability under paragraph (c) of sub-section (3) of section *fifteen* of the Currency and Banking Act, or under any agreement entered into before the commencement of this Act with any bank, on demand in gold in such form and subject to such conditions as the Governor-General may determine by proclamation.

(2) The Governor-General may by proclamation suspend the requirements imposed upon the bank by sub-section (1), either until the proclamation is withdrawn or for a period specified in the proclamation.

(3) During the period of any suspension under sub-section (2), a tender of a note of the bank shall be a legal tender of payment for the amount expressed in the note, also by the bank itself.

- (m) die ander werksaamhede van bankiers en finansiële agente verrig wat by sentrale banke gebruiklik is.
- (2) Die bank bepaal en publiseer van tyd tot tyd die koerse waarteen hy die verskillende soorte wissels sal diskonteer.
9. Die bank mag nie—
- (a) sy eie aandele koop of lenings of voorskotte teen sekuriteit daarvan toestaan nie; Verbode werksaamhede.
- (b) sonder toestemming van die Tesourie die aandele van 'n bankinstelling koop of lenings of voorskotte teen sekuriteit daarvan toestaan nie;
- (c) geld op verband op onroerende goed of op notariële of ander verband of 'n sêssie daarvan uitleen of voorskiet nie, of onroerende goed verkry nie, behalwe onroerende goed wat die bank nodig het vir 'n besigheidspersoneel of ten einde 'n beamppte van die bank van 'n woning te voorsien: Met dien verstande dat—
- (i) indien die raad van oordeel is dat die waarde van enige sekuriteit waarteen 'n lening of voorskot toegestaan is, ontoereikend is, die bank 'n verband op onroerende goed, of enige ander deur die raad goedgekeurde sekuriteit as bykomende sekuriteit kan aanneem; en
- (ii) indien onroerende goed wat aldus met verband beswaar is, verkoop word ten einde die verbandskuld te delg, en die verkrygbare koopprys onvoldoende is om die hele eis van die bank met betrekking tot die verband te dek, die bank daardie goed kan inkoop en dit op 'n tydstip en wyse wat die raad mag bepaal, tegelde kan maak;
- (d) geld vir 'n bepaalde termyn in deposito neem of rente op batige saldo's in lopende rekenings toestaan nie;
- (e) ongedekte lenings of voorskotte toestaan nie, behalwe aan die Unieregering;
- (f) aan die Unieregering, hetsy deur van genoemde Regering effekte, skuldbriewe of bewyse te koop, of ongedekte lenings of voorskotte toe te staan of op ander wyse, geld leen of voorskiet nie, wat die bedrag oorskry wat genoemde Regering ingevolge die bepalinge van artikel twee-en-dertig van die „Financiewet, 1911” (Wet No. 21 van 1911), en die bepalinge van artikels een tot en met vier van die „Algemene Lenings Konsolidatie en Wijzigings Wet, 1917” (Wet No. 22 van 1917), bevoeg is om op te neem;
- (g) wissels of promesses wat vir handels- en nywerheidsdoeleindes uitgereik of getrek is en 'n looptyd van meer dan honderd-en-twintig dae het, koop of diskonteer nie;
- (h) wissels of promesses wat vir landboudoeleindes uitgereik of getrek is en 'n looptyd van meer dan ses maande het, koop of diskonteer nie;
- (i) in effekte van die Unieregering 'n bedrag belê nie wat groter is dan sy opbetaalde kapitaal en reserwefonds tesame met 'n derde van sy verpligtings teenoor die publiek in die Unie.
10. (1) Die bank besit die alleenreg om in die Unie banknote uit te reik. Uitreiking van banknote.
- (2) Die bank reik nie 'n banknoot uit vir 'n bedrag, in 'n vorm of van 'n materiaal wat nie deur die Tesourie goedgekeur is nie.
- (3) Die bank reik nie 'n banknoot opnuut uit nie, as dit geskeur of geheel-en-al of gedeeltelik geskend of vuil is, of as dit nie, alvorens opnuut uitgereik te word, ontsmet en gesteriliseer is nie.
11. (1) 'n Aanbod van 'n noot van die bank is 'n wettige aanbod van betaling van die bedrag op die noot vermeld, behalwe deur die bank self, wat, behoudens die by sub-artikel (2) bepaalde, sy note en die onbetaalde note van ander banke waarvoor hy ingevolge paragraaf (c) van sub-artikel (3) van artikel vyftien van die Betaalmiddels- en Bankwet of ingevolge 'n ooreenkoms voor die inwerkingtreding van hierdie Wet met 'n bank aangegaan, aanspreeklikheid aanvaar het, op aanvraag teen goud moet inwissel in die vorm en onderworpe aan die voorwaardes wat die Goewerneur-generaal by proklamasie mag bepaal. Note is wettige betaalmiddel.
- (2) Die Goewerneur-generaal kan die verpligtings by sub-artikel (1) aan die bank opgelê, by proklamasie ophef, of totdat die proklamasie ingetrek word, of vir 'n tydperk in die proklamasie vermeld.
- (3) Gedurende die tydperk van 'n opheffing van verpligtings kragtens sub-artikel (2), is 'n aanbod van 'n noot van die bank 'n wettige aanbod van betaling van die bedrag op die noot vermeld, ook deur die bank self.

Bank exempt from note tax. 12. The bank shall, in respect of notes issued by it, be exempt from the payment of any tax or duty upon bank notes.

Capital of the bank. 13. (1) The capital of the bank shall be one million pounds stock.

(2) The liability of a stockholder shall be limited to the amount unpaid on the stock held by him.

(3) The bank may, from time to time, with the consent of the Minister, increase its capital by the issue of stock upon such terms as the Minister may approve.

(4) The premium obtained on any issue of stock shall be added to the reserve fund of the bank.

Restriction of right to hold or acquire stock. 14. (1) Subject to the provisions of sub-section (2), no stockholder shall, either in his own name or through a nominee on his behalf, hold more than five thousand pounds of the stock of the bank.

(2) A stockholder, holding more than five thousand pounds of the stock of the bank at the commencement of this Act, may continue to hold that stock, but shall not, as long as he holds more than five thousand pounds of that stock, acquire any further stock of the bank, either in his own name or through a nominee on his behalf.

(3) If at any time the stock of the bank held by a stockholder referred to in sub-section (2), is reduced to five thousand pounds or less, the restriction imposed in sub-section (1) shall apply also to that stockholder.

Votes. 15. (1) Subject to the provisions of sub-sections (2) and (3) a stockholder shall, at a meeting of stockholders, be entitled to one vote in respect of every hundred pounds of stock of which he has been the registered holder for not less than six months prior to the date of the meeting.

(2) No stockholder referred to in sub-section (2) of section *fourteen* shall either directly or indirectly exercise any vote as a stockholder in respect of stock held by him in excess of five thousand pounds, and no group of companies with interlocking directorates shall either directly or indirectly exercise any vote as stockholders in respect of the total amount of stock held by those companies in excess of five thousand pounds.

(3) No stockholder who is not ordinarily resident in the Union shall be entitled to any vote at any meeting of stockholders.

Allocation of surplus to reserve fund, the Government and stockholders. 16. (1) The surplus remaining at the end of a financial year of the bank, after making provision for bad and doubtful debts, depreciation in assets, gratuities or other pension benefits for its officers and employees and all such items as are usually provided for by bankers, and after payment to the stockholders, out of net profits, of a cumulative dividend at the rate of six per cent. per annum on the paid-up capital of the bank, shall, if the reserve fund of the bank does not exceed twenty-five per cent. of the said capital, be allocated to that fund.

(2) If at the end of such financial year the reserve fund of the bank exceeds twenty-five per cent. of but is not equal to the paid-up capital of the bank, one half of the said surplus shall be allocated to that fund, one quarter to the Government and one quarter to the stockholders: Provided that if the amount so allocated to stockholders exceeds four per cent. of the said capital, the excess shall be paid to the Government.

(3) If at the end of such financial year the reserve fund of the bank is equal to or exceeds the paid-up capital of the bank, one tenth of the surplus remaining after payment to the stockholders, out of net profits, of a dividend at the rate of ten per cent. per annum on the said capital, shall be allocated to that fund, and the remainder of the surplus shall be paid to the Government.

Reserve against note issue and other liabilities to the public. 17. (1) The bank shall, subject to the provisions of sub-section (4), hold in gold coin or bullion a reserve of at least thirty per cent. of the aggregate amount of its note issue (including the outstanding notes of other banks referred to in sub-section (1) of section *eleven*) and of its other liabilities to the public.

(2) Gold at the South African Mint or in transit, belonging to the bank, shall be deemed to form part of the reserve referred to in sub-section (1).

(3) One half of the said reserve may consist of gold held by the bank outside the Union and in the custody of branches or agencies of the bank, or of such other central banks or institutions as may be approved of by the Treasury.

12. Die bank word ten opsigte van note deur hom uitgereik, Bank vrygestel van belasting op note.

13. (1) Die kapitaal van die bank bedra 'n miljoen pond aandeel. Kapitaal van die bank.

(2) Die aanspreeklikheid van 'n aandeelhouer is beperk tot die onbetaalde bedrag van die aandeel waarvan hy die houer is.

(3) Die bank kan van tyd tot tyd, met goedkeuring van die Minister, sy kapitaal vermeerder deur die uitgifte van aandeel op die voorwaardes wat die Minister mag goedkeur.

(4) Die premie by 'n uitgifte van aandeel verkry, word by die reserwefonds van die bank gevoeg.

14. (1) Behoudens die by sub-artikel (2) bepaalde, mag 'n aandeelhouer, hetsy in sy eie naam of deur 'n derde namens hom, nie meer dan vyfduisend pond van die bank se aandeel hou nie. Beperking op reg om aandeel te hou of te verkry.

(2) 'n Aandeelhouer wat by die inwerktrading van hierdie Wet meer dan vyfduisend pond van die bank se aandeel hou, kan daardie aandeel bly hou, maar mag, solank hy meer dan vyfduisend pond van daardie aandeel hou, geen verdere aandeel, hetsy in sy eie naam of deur 'n derde namens hom, van die bank verkry nie.

(3) Indien die aandeel van die bank wat 'n in sub-artikel (2) bedoelde aandeelhouer hou, te eniger tyd afgebring word tot vyfduisend pond of minder, is die beperking by sub-artikel (1) opgelê, ook op daardie aandeelhouer van toepassing.

15. (1) Behoudens die by sub-artikels (2) en (3) bepaalde, is 'n aandeelhouer by 'n vergadering van aandeelhouders geregtig op een stem ten opsigte van elke honderd pond aandeel waarvan hy vir minstens ses maande voor die dag van die vergadering die geregistreerde houer was. Stemme.

(2) 'n In sub-artikel (2) van artikel *veertien* bedoelde aandeelhouer mag nie as aandeelhouer direk of indirek ten opsigte van aandeel bo vyfduisend pond wat hy hou, 'n stem laat geld nie, en 'n groep maatskappye wat deur ineensluitende direksies verbind is mag nie as aandeelhouders direk of indirek, ten opsigte van die totale bedrag aandeel bo vyfduisend pond wat daardie maatskappye hou, 'n stem laat geld nie.

(3) 'n Aandeelhouer wat nie gewoonlik in die Unie woonagtig is nie, is nie op enige stem by 'n vergadering van aandeelhouders geregtig nie.

16. (1) Die oorskot wat daar aan die end van 'n boekjaar van die bank is, nadat voorsiening gemaak is vir slegte en twyfelagtige skulde, waardevermindering van bates, gratifikasies of ander pensioenvoordele vir sy beamptes en werknemers en alle poste waarvoor gewoonlik deur bankiers voorsiening gemaak word, en nadat uit die netto winste 'n kumulatiewe dividend van ses persent per jaar op die opbetaalde kapitaal van die bank aan die aandeelhouders uitbetaal is, word, as die reserwefonds van die bank nie meer dan vyf-en-twintig persent van genoemde kapitaal bedra nie, in daardie fonds gestort. Toewysing van oorskot aan reserwefonds, die Regering en aandeelhouders.

(2) Indien die reserwefonds van die bank aan die end van so 'n boekjaar, meer bedra dan vyf-en-twintig persent van, maar nie gelykstaan met die opbetaalde kapitaal van die bank, word helfte van genoemde oorskot in daardie fonds gestort, en gaan 'n kwart na die Regering en 'n kwart na die aandeelhouders: Met dien verstande dat indien die bedrag wat aldus na aandeelhouders gaan, meer dan vier persent van genoemde kapitaal bedra, die oorskot aan die Regering uitbetaal word.

(3) Indien die reserwefonds van die bank aan die end van so 'n boekjaar gelykstaan met of meer bedra dan die opbetaalde kapitaal van die bank, word 'n tiende van die oorskot wat oorbly nadat uit die netto winste 'n dividend teen tien persent per jaar op genoemde kapitaal aan die aandeelhouders uitbetaal is, in daardie fonds gestort, en word die resterende gedeelte van die oorskot aan die Regering uitbetaal.

17. (1) Die bank hou, behoudens die by sub-artikel (4) bepaalde, 'n reserwe in goudmunt of staafgoud van minstens dertig persent van die totaalbedrag van sy note-uitgifte (met inbegrip van die onbetaalde note van ander banke in sub-artikel (1) van artikel *elf* bedoel) en van sy ander verpligtings teenoor die publiek. Reserwe teen note-uitgifte en ander verpligtings teenoor die publiek.

(2) Goud by die Suid-Afrikaanse Munt of in transito, wat aan die bank behoort, word geag deel van die in sub-artikel (1) bedoelde reserwe uit te maak.

(3) Die helfte van genoemde reserwe kan bestaan uit goud wat die bank buite die Unie besit en in bewaring is by takke of agentskappe van die bank of by sulke ander sentrale banke of instellings as wat die Tesourie mag goedkeur.

(4) The Minister may from time to time suspend for a period not exceeding thirty days the reserve requirements prescribed in this section, and may extend any such period for periods not exceeding fifteen days each.

Audit and inspection.

18. (1) For every financial year of the bank, the stockholders shall in general meeting elect two firms of qualified accountants, to act during that year as auditors of the bank.

(2) The Minister may at any time cause an investigation to be made into the affairs of the bank by one or more officers authorized thereto by him in writing.

Information to be furnished to the Treasury and to Parliament.

19. (1) The bank shall—

(a) from time to time make up a return in the form set out in the First Schedule, containing a statement of the liabilities and assets of the bank as at the close of business on every Friday and the last day of every month, or on the nearest preceding business day, and shall forthwith transmit the return to the Treasury ;

(b) within three months after the close of its financial year, transmit to the Treasury a copy in duplicate of its annual accounts signed by the Governor, the Deputy-Governor and the chief accountant of the bank, and certified by the auditors ; and

(c) within sixty days after the thirty-first day of December in each year, transmit to the Treasury a list in duplicate giving the full names and addresses of stockholders and the amount of stock held by each ; and

(d) when called upon to do so by the Treasury by notice in writing, make to the Treasury, within the period specified in the notice, such further returns as may be so specified.

(2) The Treasury shall cause every return received under paragraph (a) of sub-section (1) to be published in the *Gazette* as soon as practicable.

